# Hey! Brokkies Nuus
# 29 April 2012

HOPE EXPLOSION YOUTH MINISTRIES

## Soveel nuus sedert skole heropen!

**1.Lochnerhof Paasspel:** Terwyl Paasfees nog vars in die geheue is het die groepleiers wie aanbiedings doen by Lochies besluit om Paasspel te hou vir die gr1 tot 3 groep. Ek haal graag aan skool se terugvoer: *"Dit was so mooi en baie professioneel gedoen. Ons waardeer regtig alles wat ingesit word om die belangrikste taak van ons bestaan moontlik en makliker te maak."* BAIE DANKIE aan al die Lochie vrywilligers vir jul entoesiasme & onbaatsugtige liefde!!



Lochnerhof se LAB4J Paasspel

**2.Kids Arise Somerset-Wes gebedsbyeenkoms:** Op 14 April was Hey! deel van die groep in Somerset-Wes wie betrokke was by die wêreldwye gebedsaksie vir 4 tot 14 jariges. Suid Afrika was een van 31 lande wie deel was.'n Groepie van 120 het o.l.v. Chris Bester 'n geseënde middag beleef waar baie fokus geplaas is op die Evangelie, belydenis en vergifnis van sondes. Daar was lofdanse en lofprysing. Die banier van liefde was die simbool van die middag en elk is huis toe met "banier van liefde" kopband. Ons moet die "banier van liefde" dra waarookal ons gaan! Dit was 'n baie geseënde middag en gebedstyd kosbaar!




Kids Arise 4/14 : dra Banier van liefde ♥

**3. Belinda se Gauteng nuus:** Sy het op 15 April begin by EG Kerk Benoni met die Hoop vir Kinders kursus. Sy is ook gevra om in Mei die Kinder Pinkster te lei. Bid saam vir oop deure en wysheid met uitbreiding van die bediening in die omgewing.

**4. Ander nuus van Skole bediening:**
Die Jollie Jakker program is nou volstoom aan die gang by die gr1's van Beaumont. Hulle leer om te STOP en vra **W**at **S**al **J**esus **D**oen? Die gr 6 Beaumont klas geniet die "Sout Van die Aarde"program baie en leer oor leierskap soos Jesus ons geleer het. By Lawrencia laer in De Novo is Vanessa se terugvoer baie positief en vertel hoe jong kinders opgewonde kom vertel van ouers wie 'n keuse vir Jesus maak! Bid dat kinders sal bly getuig! By Somerset-Wes primer en De Hoop is ons besig met Kids Games waar d.m.v. spel dinge soos bv. vertroue ("trust") of moed ("courage") eerstehands ervaar word. Dit word dan deurgetrek na Bybelverhaal en teksvers wat gememoriseer word. Hulle geniet dit baie!



Lawrencia geniet die handwerk



Jollie Jakkers vra WSJD? En kies reg!




Summies geniet die Kids Games



De Hoop laer: "Sjoe, ek moet moed hê om so gedra te word!"

**Dankie vir jou gebede, liefde en omgee!**
**Celeste Steinmann**
**082 322 5299**